

**Die Here verander jou hartseer in blydschap**

Soms is jy gelukkig en borrel die lewenslus en vreugde in jou op. Ander kere is jy weer oor een of ander ding ongelukkig en loop jy vol wroeging in jou binneste rond.

Onthou egter: Die Here kan jou swaarkry in vreugde verander. Die woordjie *verander* beteken: “radikaal anders maak”. Die Here gee vir jou iets heeltemal nuuts in die plek van die oue.

- Net as jy dink dit gaan nou baie goed met jou, jy het soveel vrede in jou gemoed, dan sê iemand iets wat jou verskriklik omkrap.
- Julle huwelik is baie gelukkig, dan ontval jou man of vrou jou baie skielik deur die dood. Vir maande, ja, selfs jare, verkeer jy in die grootste hartseer.
- Jou besigheid lyk of dit floreer, maar dan kom daar ‘n onverwagte insinking, sodat jy in die ellendigste geldelike verknorsing beland.

Weet tog: Die Here laat ‘n mens nooit in jou ellende lê nie. Hy verander jou tranes in vreugde. Hy trek jou rouklere uit en trek vir jou feesklere aan. Jy beleef die aand nog eensaamheid, pyn en gemis omdat jou lewensmaat – só weet jy – vir goed van jou af weggeruk is, en tog staan jy die volgende oggend op met ‘n lied in jou hart. Jy kry dit reg om te lag. Die Here het jou donker gemoed weer lig gemaak. Al is die omstandighede presies dieselfde as gisteraand, jou finansies steeds beroerd, jou gesondheidstoestand verontrustend, kan jy nou weer opregte lewensvreugde ervaar en weer kans sien om voluit te lewe, want Hy het jou denke, jou innerlike mens verander. Die kanker is nóg daar, maar iets van die seer is weg.

Hoekom gebeur dit? Christus het met jou kom plekke ruil. Hy het jou rouklere van jou kom wegvat en dit Self aangetrek – vir jou het hy feesklere gegee om aan te trek. Daarom kan jy nou bely: “Ook in die swartste nag kan ek op die Here alleen bly wag” (vergelyk Ps. 146:3 – berym).

*Dr André Grové (Klerksdorp-Noord)*